SELFOONBELEID : LAERSKOOL THABAZIMBI

1. Die skool erken dat selfone 'n uiters belangrike en handige kommunikasiemiddel geword het, maar is ook daarvan bewus dat die gebruik of misbruik daarvan (veral deur kinders) sosiale-, etiese en veiligheidsrisiko's inhou.

   Weens die volgende redes verkies die skool dat leerders nie in die besit van selfone moet wees terwyl hulle by die skool is of terwyl hulle in skoolklere geklee is nie.

   - ❖ Leerders wat selfone dra, veral onderweg na en van die skool, het die teiken geword van misdadigers wat hulle konfronteer en van hul selfone en ander besittings beroof. Hierdie aanvalle kom veral voor wanneer leerders gesien word terwyl hulle hul selfone gebruik en veral ook as dit duur, nuwe of populêre modelle is.

   - ❖ Die diefstal van selfone uit tasse en sakke is 'n voortdurende probleem.

   - ❖ Leerlinge is agterlosig en laat hul selfone onbewaak rondlê in tasse en sakke. Selfone wat verloor of verlê word, word dikwels verkeerdelik as gesteel aangemeld.

   - ❖ Selfone kan gebruik word om in toetse en eksamens te kul. Om hierdie rede word selfone in toets- en eksamenlokale, ook met eksterne nasionale eksamens, verbied.

   - ❖ Selfone word voortdurend meer multifunksioneel, met verskeie funksies om gebruikers mee te lok en te vermaak. Die geredelike beskikbaarheid van hierdie funksies lei daartoe dat leerders dit in die klaskamers wil gebruik, wat veroorsaak dat hul aandag van die skoolwerk afgelei word. Veral leerders met min selfdissipline, swak konsentrasie-vermoëns en/of swak werketiek, se aandag word deur hierdie selfoon-funksies afgetrek.

   - ❖ Selfone laat onbeperkte toegang toe tot ongesensorde, wellustige en ouderdoms-onvanpaste materiaal.

   - ❖ Selfone maak leerders kwesbaar vir toenadering deur ongewenste persone of groepe, waaronder kriminele en pedofiele. (Mxit)

   - ❖ Selfone mag moontlik private en persoonlike inligting soos foto's, videogrepe, stemboodskappe en persoonlike inligting bevat wat in die hande van ongewenste persone of –groepe kan beland wanneer dit gesteel, verlê of uitgeleen word.

2. LET WEL: Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die diefstal of verlies van enige selfoon nie, wat ookal die omstandighede mag wees. Dit sluit selfone in wat by onderwysers of afrigters ingehandig is vir veilige bewaring of wat, ondanks skoolreëls, deur leerders gebruik en deur die skool gekonfiskeer is.

3. Leerders wat, ondanks skoolbeleid, steeds selfone skool toe bring, moet verseker dat die selfoon:

   - ❖ afgeskakel (nie op "silent") is en buite sig wees binne die skoolgebou;

- ❖ nie aan hul persoon gehou word nie terwyl toetse geskryf of eksamens afgelê word nie.

4. Die skool sal onder geen omstandighede met ouers in gesprek tree oor klagtes wat hulle tydens skoolure per selfoon van hul kinders ontvang het nie.

5. <u>Wat is die straf wat opgelê word vir oortreding van bogenoemde</u>?

   Leerders wat hulle skuldig maak aan enige oortreding met 'n selfoon sal volgens die skool se gedragskode gestraf word – afhangende van die aard van die oortreding. (Dit kan wissel van Kategorie 1 tot Kategorie 3).